VYF GEWOONTES VAN UITSTAAN GELOWIGES
Lees
**1 Petrus 5:5-11**

**Ons kry in**
**H 5:1-11** die laaste van **vier groot oproepe** in die brief. Die eerste daarvan was (1) om alle **hoop op die genade** te vestig (1:12–25), (2) om *persoonlik* en *saam* met medegelowiges **te groei** (2:1–10) en (3) om **aan te hou goed doen** in *alle verhoudings* en *ten spyte van verontregting* (2:11–4:19). (4) Die vierde oproep gaan nou oor die **korrekte gedrag binne die kerk** . Eers word die **ouderlinge** aangespreek (5:1–4), dan die **jongeres** (5:5–7), en laastens die **hele gemeente** (5:8–11).
**Vers 5–7**
Petrus is in 5:5–7 besig om **die jonger gelowiges** op te roep om **nederig** teenoor God en teenoor mekaar te wees. Die oproep geld egter **nie net** vir hulle nie. Mense van **alle ouderdomme** behoort teenoor mekaar nederig te wees en mekaar te help (*lees vers 5*).
"Almal" – dus ook oueres teenoor jonges, mans en vrouens, wit en gekleurd, ryk en arm!
Petrus wys in vers 6 daarop dat gelowiges hulle aan *die kragtige hand van God* moet **onderwerp**. Hy sal hulle weer verhoog. Intussen kan hulle maar hulle bekommernis op God laai (*lees vers 6,7*).
**Vers 8–9**
Vers 8 en 9 is 'n samevattende oproep aan **die hele gemeente**. Petrus roep al die gelowiges op om **wakker en nugter** te wees, want die duiwel self soek hulle ondergang soos 'n honger leeu wat na sy prooi soek *(lees vers 8*). Hulle het egter **'n dubbele troos:**
(1) Eerstens KAN **hulle** hom *in geloof* weerstaan. (2) Tweedens ly hulle nie **alleen nie** – dwarsdeur die wêreld is daar ander gelowiges wat dieselfde soort lyding moet verduur. *(lees vers 8,9*)

**Vers 10–11**
Petrus sluit dan die gedeelte af met **'n herinnering**. God wat alle genade gee, **sal die gelowiges laat DEEL** in die heerlikheid van Christus **nadat** hulle tyd van lyding, wat nie lank sal wees nie, verby is. **In vergelyking** met die ewige heerlikheid, is die lyding wat ons nou mag verduur—al duur dit ons hele lewe lank—'n *"kort tydjie".*
God sal hulle weer oprig en moedig, sterk en standvastig maak. (*lees vers 10*)
Daarna sluit hy die brief met **lofprysing** aan God af ( *lees vers 11*).

Ek wil graag hierdie gedagtes **inskerp** mbv enkele SKYFIES met gedagtes wat ek by iemand anders raak geloop het:

In die 90-tiger jare het Steven Covey die wêreld stormgeloop met sy boek *'7 habits for highly effective people'*. Sy gewoontes was:

1. Be proactive – neem inisiatief, wees verantwoordelik.
2. Begin with the end in mind – sien die uitkoms wat jy wil hê, terwyl jy terselfdertyd jou waardes uitleef..
3. Put first things first – laat toe dat jou waardes jou gevoelens en impulsiwiteit dissiplineer.
4. Think win/win – leef "geen verloorders" houding.
5. Seek first to understand, then to be understood -- fokus op luister en nie antwoord nie.
6. Synergize – stel instaat om meer energie vry te stel as wat ingesit is.
7. Sharpen the saw – kyk na jouself - fisies, verstandelik, sosiaal, emosioneel en geestelik.

Maar Petrus het al in die eerste eeu na Christus iets soortgelyks op die tafel gesit met hierdie paar verse se opdragte. 'n Mens kan dit noem **die 5 gewoontes van UITstaan gelowiges in 'n onderstebo, deurmekaar en vyandige wêreld!** *(Agtergrond).*

***1.Gewoonte van nederigheid***
*Ons kan meer bereik as ooit wanneer ons ophou om op ons eie te probeer en eerder God se kragtige hand toe laat om deure oop te maak.*

Die gewoonte van nederigheid beteken: Ken God, ken jouself en ken jou plek!

'Sodra die skaakspel verby is, gaan die koning en die pion terug in dieselfde boks'. Maw (volgende skyfie)

Niemand is beter as iemand anders nie, voor God is almal gelykwaardig!

"God has not gone on vacation and left you in charge." ('n Mens kan ook TE verantwoordelik voel. Dit gebeur wanneer jy God se deel ook wil doen.)

Iemand: "Daar is 'n papier teen die muur by my rekenaar opgeplak. Die woorde op dié papier sê:

Die wêreld het **klaar 'n Redder**.
Hy doen **goeie werk**.
En dit is **nie ek** nie."

Onthou daarom:
Jy **is nie** in beheer nie.
Jy **was nog nooit** in beheer nie.
Jy **sal nooit** in beheer wees.

Jy **moet nooit** in beheer wees nie.
Jy is nie in beheer **van alles** nie.
Jy laat die son nie opkom nie, nog minder laat jy dit sak.
Jy laat nie jou hart klop of jou bloed sirkuleer nie.
Jy is in beheer van **niks** nie – **God is**. **Vertrou Hom**, Hy weet wat Hy doen

2. **Gewoonte van kalmte/ gemoedsrus ("serenity")**

Jy en ek kan altyd weet dat **God teenwoordig** is as die Vader wat **versorg** (1 Pet 5:7 *"Hy sorg vir julle"*). Dit beteken nie dat ons as Christene net **maanskyn** en rose belowe word nie. Inteendeel. Petrus **waarsku** ons nie verniet in die volgende vers teen die duiwel wat soos 'n **brullende leeu** rondloop nie.

Soos iemand eenkeer gesê het: "Die Here waarborg nêrens 'n probleem-vrye reis nie, net 'n veilige aankoms."

Intussen sal Hy ons versorg en bewaar in elke krisis, selfs in die dood! Daarom kan dit goed wees om die beroemde *Serenity Prayer* van Reinhold Niebuhr te bid:
*God, grant me the serenity*
*to accept the things I cannot change;*
*courage to change the things I can;*
*and wisdom to know the difference.*

*Living one day at a time;*
*enjoying one moment at a time;*
*accepting hardships as the pathway to peace;*

*taking, as Jesus did, this sinful world*
*as it is, not as I would have it;*
*trusting that He will make all things right*
*if I surrender to His Will;*

*that I may be reasonably happy in this life*
*and supremely happy with Him*
*forever in the next.*
*Amen.*
*Serenity Prayer* van Reinhold Niebuhr

3. **Gewoonte van waaksaamheid**

Vertrou God, maar rol jou moue op en doen alles om as UITstaan-mens te leef vir Christus. Soos Cromwell destyds vir sy troepe gesê het: *"Trust God, but keep your powder dry."*

Petrus weet hoe moeilik dit is om waaksaam te wees, hy het aan die slaap geraak in die Tuin van Getsémané!

’n Besigheidsman wat bekend was daarvoor dat hy genadeloos is, het destyds vir die bekende Mark Twain gesê: “Before I die, I mean to make a pilgrimage to the Holy Land. I will climb Mount Sinai and read the Ten Commandments aloud at the top.”

Twain het geantwoord: “I have a better idea. You could stay home in Boston and keep them.” **Waaksaamheid beteken jy leef gehoorsaam.** Jy gee aan die duiwel **geen vatkans** nie.

### 4. Gewoonte van weerstand

Onthou, die duiwel is ’n muis met ’n mikrofoon/megafoon - hy kan baie lawaai maak, maar niks aan ons doen nie! **Tensy** jy jou ore aan Hom uitleen - dan word hy ’n brullende leeu. Hy is soos enige boelie: as hy teengestaan word (nie in eie krag nie, maar in die krag van Jesus) hardloop hy weg. Soek jou sterkte by God, want in Christus is hy reeds ’n verslae en verslaande vyand!

Bono het in 1993 ’n waar ding gesê: “Mock the devil and he will flee from you. Fear of the devil leads to devil worship.”

By Martin Luther leer ons ’n paar goed…
Een nag word hy wakker en sien die duiwel op die punt van sy bed sit en Luther het gereageer: “O, is dit jy!” en toe weer omgedraai en verder geslaap.
In ’n droom het Martin Luther beleef hy word deur die duiwel aangeval. Die duiwel het ’n lang boekrol wat ’n lys van Luther se sondes bevat het, geneem en dit vir hom gelees. Nadat hy klaar gelees het, het Luther vir Hom gevra: “Is dit al?” “Nee” het die antwoord gekom en ’n tweede boekrol is oopgemaak met nog meer sondes daarin. Na dit was daar ’n derde lys, maar na dit was die duiwel klaar. “Jy het iets vergeet!” het Luther uitgeroep: “Skryf gou vinnig op elkeen van hulle – die bloed van Christus, God se seun, was al ons sondes weg!”

Luther het iewers anders geskryf: “Ek weet van die duiwel en sy versoekings. Maar wanneer die duiwel by die deur van my lewe kom aanklop, antwoord ek altyd: “Gaan weg! Hierdie plek is klaar geneem. Gaan terug na waar jy vandaan kom, want Christus is alreeds hier!”
Kweek die gewoonte aan om versoekings in die krag van Jesus te weerstaan.

### 5. Gewoonte van vasbyt

William Goldman skryf in sy boek *Princess Bride*: *"Lewe is pyn, u Hoogheid, en enigiemand wat iets anders vir u sê, probeer iets aan jou verkoop."*

Of soos Katherine Hepburn gesê het: *"Life is hard... it does kill you after all!"*

Christen-wees gaan gepaard met 'n gesukkel, met pyn... want as jy soos Jesus wil leef, moet jy lyding verwag - *"If you want to follow Jesus, you beter look good on wood!"* (Daniel Berrigan)

- Italiaanse spreekwoord

Hersien 5 gewoontes van uitstaande gelowiges
Sluit af met lees van vers 10 en 11